Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za
- **Besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin
- **Stabilis**: www.stabilis.org.za
- **Kerkgeboue in SA:** https://www.facebook.com/Kerkgeboue

Kampterreine:

- **Badseloop kampterrein**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
- **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- **Magaliesberg Jeugkampterrein: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

10 Junie 2016
Nr 21/2016

Sinodale nuus

Predikante wegbreek

Nog 'n laaste kans om in te skryf vir ons PREDIKANTE WEGBREEK van 21-23 JUNIE 2016!

Die eerste paar jaar van die bediening is 'n baie opwindende, maar dikwels ook baie veeleisende tyd van 'n predikant se lewe. Die Noordelike Sinode se taakspan vir predikantebegeleiding wil jou daarom die geleentheid bied om 'n wegbreek vir predikante wat in die eerste vyf tot agt jaar van hulle bediening is by te woon. Dit vind van 21-23 Junie by 'n oord genaamd Rock Lodge, buite Vaalwater, plaas.

By die geleentheid gaan ons 'n bietjie oor die bediening reflekteer, saam Bybel lees, die natuur geniet, kuier en sommer net ontspan. Ons wil graag in ons jong predikante belê en daarom dra die sinode die volle koste.

Indien jy **navrae** het, kan jy gerus vir Fanie Cronje van Riviera-Jakaranda kontak by 083 415 1452 / sicronje@mweb.co.za. Hy is aan die stuur van die wegbreke en sal graag met jou gesels. Jy is natuurlik ook welkom om Paul Grobler wat onder meer aan die stuur van die versorging van predikante in ons sinode staan, te kontak.

Hoop om spoedig nog van julle inskrywings te ontvang. [Lees hier meer...]

Bybel-lees met 'n verskil

Volgende byeenkoms vind op *7 Junie 2016* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: **1 Konings 19**
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Kolleganuus

Beroep / bevestiging:

JZ de Jager [*Welbekend*] is na **Thabazimbi** beroep.
Nicky Hatting is na **Sanddrift** beroep.
Jan Grobbelaar is na **Mootvallei** beroep as *jeugleraar*.

Peter Kotze [*Rustenburg-Moeder*] is beroep na **Stellenberg**.
Hendrien van der Vliet word op Sondag, 19 Junie, in **Pretoria** (Harmonie-kerkgebou) as *tentmaker* bevestig.

❖ **Regstelling:** Daar is verlede week in ons kennisgewing oor die afsterwe van *Oom Schalk Viljoen*, verkeerdelik aangedui dat hy 'n leraar was. Hy was egter as ouderling, moderator van Midde-Afrika. [*Baie dankie Louis Louw vir die korreksie*]

❖ **Verjaarsdagwense:** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

11/06 Hennie Pieterse [Emeritus, pieterhjc@absamail.co.za]
12/06 Francois Esterhuizen [Raslouw, 082 786 9674, francoisest@xsinet.co.za]
13/06 Gerrit Cloete [Emeritus, 082 334 8641, geritsinode@gmail.com]
Johan Jooste [Emeritus, johanmjooste@gmail.com]
14/06 Pieter de Wet [Wespoort, 082 475 7944, pwdewet@live.com]
Heinrich Carstens [Overkruin, 083 566 1490, heinrich.carstens@icloud.com]
Willus Knipe [Emeritus, 082 447 1297, willus.knipe@gmail.com]
17/06 Johan Olivier [Magalieskruin, 082 979 6552, dotja@telkomsa.net]
Kobie Breedt [Emeritus, 082 452 8908, kobiebreedt@telkomsa.net]
Willem Preller [Emeritus, 076 054 5436, drwplpreller@gmail.com]
.....
15/06 Edith Myburgh [Wierdapark, 012-654 3196, canismyburgh@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ **Waverley-Oos: Riana Nel - konsert** – *22 Julie 2016* om 17:00
Koste: R150.00 per persoon [Sop-en-sjerrie ingesluit]
Besprekings en betalings by die kerkkantoor, tel 012-332 1951, admin@ngwaverleyoos.co.za
Kaartjies is reeds vanaf 1 Junie 2016 beskikbaar!

❖ **Riviera-Jakaranda** hou **Wildsfees** – Saterdag, *30 Julie 2016* van 15:30 tot laat!
Adres: H/vBlake- en Rosestraat, Riviera
Koste: Volwassenes en hoërskoolleerlinge: R130 elk; Laerskoolleerlinge R70 elk;
Inwoners van *Ons Tuis* R70 elk; Alle 80-jariges en ouer R70 elk
Kaartjieverkope word deur die kerkkantoor behartig – tel 012-329 3601/1449

Nuus van die Algemene Sinode

❖ **Inisiatief vir versoening**

Rëelings in verband met die byeenkoms op 11 Junie 2016:
Braam le Roux versoek dat belangstellendes wat nog die byeenkoms wil bywoon, hom asseblief vóór ***10:00 môre*** (Vrydag) sal skakel. Die bus vertrek Saterdagoggend om 08:00 vanaf NG Stellastraat en draai weer 13:00 om.
Kontakbesonderhede: akleroux@telkomsa.net of 083 452 5963.

Ander nuus

❖ **Survivorkamp 2016 - Graad 8 en 9's** te *Badseloop*
Aangebied deur: Ring van Pietpotgietersrus: *Maandag 27 Junie - Vrydag 1 Julie 2016*.
Inskrywingsvorms is beskikbaar by *Anita Hurn*: kontak haar by 015-491 3537 / faks 086 547 2382 / 015 491 3537 / e-pos *admin@ngpottiessuid.org.za*
SLUITINGSDATUM vir inskrywings : 15 Junie 2016 *(Maak asb seker dat ons al die inskrywings betyds ontvang!)*
Navrae: Skakel gerus die kampleier, ds *Wimpie Jordt* by 083 230 2244 vir enige verdere navrae of epos hom by *kudu@lantic.net*.

❖ **Boekbekendstelling deur Bybel-Media: OOP vir die oomblik – *Nader aan die hier en nou met die HERE*.**

Bekendstelling van hierdie boek deur dr Willem Nicol, asook die Bybelstudieboek oor dieselfde saak. Sprekers: Willem oor dié boek en ds Immanuel van Tonder oor "Lig soos 'n veer – 'n teenwoordige leefstyl".
Datum: Woensdag *22 Junie* om 19:00 by Stellastraatgemeente, Stellastraat, Brooklyn.
RSVP voor 19 Junie: wnicol@mweb.co.za

- **'Winterhoop' 2016**
  Vir meer inligting oor die projek asook vir 'n lys van aflaaipunte en bankbesonderhede besoek: www.winterhoop.org/

- **Teo-nuusbrief**
  Vandag is daar artikels oor 'n landkongres, die Grieke en die Christendom, mites en waarheid, Kobus Krüger, die mens en tegniek en die God van Abraham. [Lees hier verder...]

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
  'n Oggend om die Woord saam met prof Stephan Joubert: *22 Augustus 2016* [09:30]
  - **Plek**: Bybelhuis [Anemoonweg 8, Glen Marais Uitb 1, Kempton Park
  - **Toegang**: Vrywillige donasie aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
  - **Kontak**: Anne-Marié, 011-970 4010, malan@biblesociety.co.za

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening**
  Verskeie **kursusse** word aangebied - Besoek www.ccm.up.ac.za of skakel 012-420 4952.

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers om enige sake vir voorbidding aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- Versoening.
- Politieke onrus.
- Munisipale verkiesings 3 Augustus.

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - **Kliek hier**

Ten slotte

Prentjie met 'n boodskap... kliek hier

BYLAES

PREDIKANTE WEGBREEK GELEENTHEDE VIR 2016

DATUMS: 21-23 Junie 2016
PLEK: Rock Lodge naby Vaalwater
KOSTE: VIR DIE SINODE SE REKENING!

Genooides: Alle kollegas wat tot en met 8 jaar in die bediening is.

Vanjaar fokus ons met ons wegbreke op bepaalde groepe kollegas.

Daarom nooi ons al ons kollegas wat 8 jaar of korter in die bediening is, hartlik uit na die predikante wegbreek van 21 - 23 Junie 2016.

Gedurende dié geleentheid gaan daar ruim tyd vir gesamentlike afpaksessies en Bybelgesprekke wees. Verder wil ons sommer oor ons bediening in die algemeen gesels. Dié geleenthede gaan gestruktureerd, maar informeel van aard wees. Daar gaan tyd wees om sommer net saam te kuier en ook te rus.

Die wegbreek is vir die rekening van die sinode. Dit gaan jou gemeente slegs jou reiskoste na een van die sentrale vertrekpunte kos (indien so iets nodig sou wees om te reël). Ons wil kollegas aanmoedig om waar moontlik reëlings te tref om saam te ry.

Vervoerreëlings en presies vanwaar daar uit verskillende rigtings vertrek word, sal met diegene wat inskryf gereël word. Daar word gewoonlik gepoog om kollegas uit dieselfde omgewing te laat saamry. Die sinode kan ongelukkig nie vir die wat met eie vervoer wil gaan wanneer daar saamry geleentheid bestaan, se reiskoste instaan nie.

Ons **program begin Dinsdag 21 Junie 2016 stiptelik om 11:00** by Rock Lodge waar ons sal tuis gaan. Ons poog om die laaste dag (23 Junie 2016) nie later nie as 16:00 reeds terug te wees by die plek vanwaar onderskeidelik vertrek is.

Bywoning van die volle tydsduur is belangrik en daarom kan ons ongelukkig nie toestemming verleen dat kollegas laat kom of vroeg vertrek nie.

Omrede die bywoning van die wegbreek-geleentheid vir elke leraar van ons sinode so belangrik is en die program deeglik beplan is om kollegas werklik te ondersteun en te laat ontspan, **ontvang elkeen wat dit bywoon ook VBO-erkenning.**

SKRYF VANDAG NOG IN!

Inskrywings geskied per e-pos en wel http://www.predikantewegbreek.yolasite.com **of per e-pos by Fanie Cronje** sicronje@mweb.co.za Fanie kan ook in verband met enige navrae gekontak word by 083 415-1452.

Terloops - vir die wat langer vooruitbeplan: 28-30 November 2016 bied ons die wegbreek aan vir alle kollegas wat 10 jaar of langer in dieselfde gemeente is. Teken dit solank in jou dagboek aan.

Terug

Teo-nuusbrief

'n Kongres oor land – Jurie Le Roux - Die regsfakulteit en die departement Ou-Testamentiese wetenskap aan die Universiteit van Pretoria het 'n gesamentlike projek oor land van stapel gestuur. Die regsfakulteit het die reeks op 6 Mei 2016 met die titel, 'Seminar on Land: Texts, Narratives and Practices' begin en op 31 Augustus en 1 September vanjaar

is dit die departement Ou-Testamentiese wetenskap se beurt. Alhoewel die tema vanuit verskillende hoeke benader sal word, sal 'n aantal buitelandse Ou Testamentici by dié geleentheid die tema vanuit die Ou Testament belig. **Lees meer.**

Die Grieke en die Christendom – Gerda de Villiers - Paulus gaan toe in die middel van die Areopagus staan en sê: 'Ateners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is …' (Hand 17:22). Hoe lyk hierdie godsdienstige landskap, die religieuse smeltkroes waarin Paulus homself bevind? Hierdie teo-bydrae ondersoek die religie van die Grieke en die verskillende elemente wat moontlik in die Christendom van die Nuwe Testament kon deurgesyfer het. Homeros, die eerste en grootste van die Griekse epiese digters, het ons aan die gode van Olimpus voorgestel. Wanneer hy geleef het, kan nie met sekerheid bepaal word nie, en of hy ooit geleef het, word deesdae sterk in twyfel getrek. Maar, volgens oorlewering het hierdie blinde rondreisende kunstenaar gehore aan sy lippe laat hang met vertellings van vervloë dae – die hoogbloei van antieke Griekeland. Volgens Homeros was daar twaalf gode wat op die berg Olimpus gebly het. **Lees meer.**

Mites of waarheid … of die waarheid van mites? – Gerda de Villiers - Mite: waar of vals? Staan mite teenoor waarheid? In hierdie teo-bydrae wil ek mite as 'religieuse narratief' voorstel, en na aanleiding van 'n artikel van Shwana Dolanski (2016:18; 60) die veelvuldige waarhede van mites bespreek. Die woord 'mite' ontlok verskillende response by verskillende mense, reaksies op die vraag wat onder 'mite' verstaan kan word, wissel van baie negatief, na neutraal toe, tot heel positief. Daardie wonderlike dieet wat toe nie gewerk het nie, al daardie mooi beloftes van die politici wat toe nooit realiseer het nie, word as 'mites' afgemaak. **Lees meer.**

Syfermens. Of: Die probleem met Kobus Krüger – Christo Lombaard - Die probleem met Kobus Krüger is, hy laat nooit in sy gesprekke of openbare optredes deurskemer presies hóé goed hy as akademikus is nie. Eers as jy hom lees, en jy ken die veld 'n bietjie, kom jy agter hoe wyd en hoe diep hy ingelees is. En ingeleef is. Ook, sy slag: die kuns van eenvoud. Wat net kom met diepgang. En nederigheid. Laasgenoemde, ewe veel geskoei op sy persoonlikheid as op die insig wat 'n mens vind, soms, by akademici wat 'n leeftyd lank ínlees en nádink: onderlegdheid, deurleefdheid, beleefdheid. Dit is die probleem met Kobus Krüger: jy weet nie sommer watter waarde jy aan hom het nie, en hý gaan jou nie vertel nie. **Lees meer.**

Papier en mens – Christo Lombaard - Met goeie bedoelings – die weg na die hel, volgens die ou spreekwoord – word nuwe goed ontwerp. Tegnologie. Een van dié kenmerke wat ons méns maak; wat ons spesie se oorlewing help verseker het – soos spiespunte en meslemme en hoede en kastrolle. Dan die *bybedoelings* – die wense en luste wat veroorsaak dat die mens nuwe tegnologie aangryp vir ander redes as waarvoor dit oorspronklik ontwerp is. Byvoorbeeld: kameras en rolprente en selfone se reusesprong-gemeenskapsaanvaarding het telkens heelwat te make gehad daarmee dat kaal lywe se prikkelende realiteit beter as ooit vantevore wulps-realisties vasgevang, en weer en weergegee kon word. Dan die *nadele*. Onvoorsiend, meestal, omdat sekere mense met mening geld kon maak uit dié nuwigheid. Die stoom-enjin, om een so 'n geval te noem, bedoel vir gemak en spoed, lei tot fabrieksvol arm arbeiders en vervuilde lug en longe. Elke voordeel bring mee die moontlikheid van nadeel. Die verontmensliking van die mens – "'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese" (Psalm 8:6, Ou Afrikaanse Vertaling) – word 'n herhalende tema by denkers soos Kierkegaard oor die massamedia of Marx oor die ekonomiese masjienerie. **Lees meer.**

Die God van Abraham – Jurie le Roux - Iemand het op 'n keer gesê dat ons die historiese Abraham nooit sal kan peil nie en daarom moet ons eerder op Abraham as gelowige mens let. Dit is darem 'n bietjie te maklik, maar aan die ander kant is daar ook geen manier om die historiese Abraham te kan ken of te rekonstrueer nie. Sedert die negentiende eeu het die mense ook van 'geskiedenis' se vlugvoetigheid bewus geword en soos Blenkinsopp dit in 'n onlangse publikasie ook bevestig, 'Abraham's relation to real history will continue to elude us' . Hy verwys na die optimisme van die Baltimoreskool dat daar tog voldoende inligting bestaan 'supporting the substantial historicity of the patriarchal tradition' (Blenkinsopp 2015:2), maar helaas het veral die werk van Thompson (1974, 1978, 1987) en Van Seters (1978) gewys dat so iets nie moontlik is nie. **Lees meer.**

Vriendelike teo-co-za-groete
Jurie le Roux, Gerda de Villiers, Alphonso Groenewald & Christo Lombaard

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*

- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012 344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[0827439238 of 012 5485796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072-461663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012 567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*
- ***Jan Viljoen*** *[081 241 0676 of 012 310 9114, dsJanViljoen@gmail.com]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

** Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.*

Ten slotte

Terug